

Engele in die Hemel – Francois Malan

Leser vra:

Sien Engele om na babas in die hemel?

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Ons weet nie wat die ewige lewe in die hemel alles behels nie, behalwe dat dit veel veel anders sal wees as wat ons dit vir ons kan voorstel. Paulus sê in 1 Korinthiërs 15:42-44, met die opstanding van die dooies sal dit soos volg wees:

Wat gesaai word in verganklkheid, word opgewek in onsterflikheid;

wat gesaai word in oneer, word opgewek in heerlkiheid;

wat gesaai word in swakheid, word opgewek met krag.

Wat gesaai word, is 'n
natuurlike menslike liggaam;

wat opgewek word, 'n
geestelike liggaam.

Die verse wat volg (1 Korinithiërs
15:44-54) verduidelik dat ons aardse mense die beeld van Adam
dra, wat die Here
uit die stof van die aarde gemaak en sy gees daarin geblaas
het sodat ons
stoflike liggame lewe totdat die Here die lewe wat Hy aan
elkeen van ons gegee
het uit ons stoflike liggaam wegneem met ons dood.

Maar Jesus Christus het die
lewendmakende Gees geword met sy opstanding uit die dood. En
elkeen wat aan Hom
verbind is kry 'n geestelike liggaam wat soos Jesus se
opgestane liggaam gaan
wees, wat nie meer aan tyd en ruimte gebonde is nie.

Met ons dood gaan ons gees na Hom
toe in die hemel, tot sy wederkoms wanneer ons stoflike
liggame met ons
geestelike liggaam vir ewig verenig word, onverganklik en
onsterflik.

'n Babatjie wat sterf se liggaam
word wel begrawe. Maar die gees wat die Here aan die baba van
sy/haar konsepie
af reeds voor geboorte gegee het om te kan lewe, gaan met die

dood by die Here

Jesus wees, sê Paulus in Filippense 1:20-23, toe hy in gevangenis was en wag om voor die keiser van Rome verhoor te word:

Dit is immers my innige verwagting en hoop dat ek nie in enige opsig beskaam sal word nie – inteendeel, dat met alle vrymoedigheid Christus ook nou, soos altyd, deur my liggaam verheerlik sal word, of dit nou deur my lewe of deur my dood is. Want vir my is om te leef Christus, en om te sterf wins, maar as ek liggaamlik bly leef, beteken dit dat ek nog verder vrugbaar sal werk. Ek weet werklik nie wat om te kies nie. Ek is in 'n tweestryd gewikkel. Aan die een kant verlang ek om heen te gaan en **saam met Christus te wees**. Dit is immers verreweg die beste. Aan die ander kant is dit ter wille van julle, gemeente in Filippi en in ander gemeentes, noodsaakliker dat ek liggaamlik hier bly.

Babatjies se gees word in die hemel

ontvang as volle mense. Eintlik het Jesus gesê ons **sal soos die engele wees**, wat nie versorging nodig het nie, maar sal volwaardige dienaars van God wees. Lukas 20:36

'Hulle kan nie meer sterf nie, want hulle is soos engele en kinders van God, omdat hulle aan die opstanding van sy Seun deel het.'

Van die engele sê Ps 103:20 hulle

is **sterk helde** wat die Here se woord uitvoer en sy bevel gehoorsaam.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Kan iemand sonder 'n kroontjie in die hemel ingaan? – Francois Malan

Leser vra:

Goeie more, iemand het my nou gevra waar dit in die bybel staan dat iemand sonder n kroontjie nie in die hemel kan ingaan nie.

Antwoord:

Prof Francois Malan antwoord:

Nee, dit staan nêrens in die Bybel nie. Die Bybel ken net een voorwaarde om in die hemel in te gaan: dit is om te glo in Jesus Christus as die Seun van God wat vir jou sonde gesterf het om van jou 'n kind van God te maak. Hy het die straf op al ons sonde gedra en ons verhouding met God reggemaak.

In Johannes 1:29 sê Johannes die Doper vir die mense toe Jesus na Hom toe kom 'Kyk! Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.'

Johannes 1:12 sê: 'Aan almal wat Hom aanvaar het, hulle wat in sy Naam glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te wees.'

In Galasiërs 3:26-29 sê Paulus: 'Julle is immers almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus, want julle wat in Christus gedoop is, het Christus soos 'n kleed aangetrek. Daar is nou nie meer Jood of Griek, nie meer slaaf of vryman, nie

meer man of vrou nie, want julle almal is één in Christus Jesus! En as julle aan Christus behoort, dan is julle nakomelinge van Abraham en ooreenkomstig die belofte (van God) erfgename (van die ewige lewe).

Johannes 3:16 sê: 'Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.'

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Wanneer was die begin? – Francois Malan

Jan vra:

Ps 2: 7, Hand 13: 33 en Heb 1, 5, 5: 5 Staan daar ; vandag het Ek self U gegeneer. Amplified: Begotten.

Genesis 1: 1 sê: In die begin het God die hemel en die aarde geskape.

Voor dit was daar dus nog geen hemel of aarde nie.

Joh 1: 1 sê: In die begin was die Woord, en die Woord was by God en die Woord was God.

Wanneer was die "begin"? God het voor die begin reeds bestaan maar Hy was skynbaar toe nog alleen? Kan mens dan sê, alhoewel dit 'n misterie is, dat God in Sy eensaamheid besluit het om vir Hom 'n Seun uit Homself voort te bring toe Hy in Genesis 1: 3 gesê het dat daar lig moet wees en daar was lig wat rym met "vandag" soos dit voor kom in die skrifte hierbo genoem.?

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Genereer beteken 'voortbring, verwek'; en ook 'tot stand bring, ontwikkel, opwek' en kom van Latyn se *generare* om te verwek, te skep.

Die Hebreuse woord *jalad* wat in Ps 2:7 gebruik word, beteken 'om (kinders) te baar' soos bv. in Genesis 3:16 vir Eva wat in pyn kinders sal baar; en in Gen 30:39 van skaapooie wat lammers kry. Dit word ook van die manlike aandeel gesê, op baie plekke in die geslagslyste soos bv. in Gen 4:18 Irad het Megujael verwek, ens. (1983-vertaling maak telkens daarvan: 'was die vader van'). Dit word ook metafories gebruik soos bv. in Ps 7:15 om leuens voort te bring. Ook van God word dit metafories gebruik soos bv. in Deutr. 32:18 dat jy die Rots wat jou gebaar het, nie in ag neem nie; en van 'n dag/die toekoms soos in Spreuke 27:1 jy weet nie wat die dag gaan baar/voortbring nie. In Ps 2:7 verwys die werkwoord na die nuwe gesalfde koning wat God oor Israel aangestel het – 'vandag het Ek jou verwek.' So gebruik 1 Joh 5:1 ook die Griekse woord *gennaoo* (die manlike rol om te bevrug, te genereer, verwek) in figuurlike sin vir gelowiges: Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore/deur God gegeneer/verwek, en elkeen wat die Vader liefhet, het ook almal lief wat uit Hom gebore/deur Hom gegeneer/verwek is.

Volgens Handeling 4:25 gaan Ps 2 oor Dawid wat deur die Here as koning oor Israel gesalf is.

Maar omdat die Here aan Dawid in 2 Samuel 7:13-14 belowe het dat sy koningskap altyd sal voortbestaan en dat die Here die Vader sal wees vir die koning uit die nageslag van Dawid (metafories gebruik, nie letterlik nie), en Jesus die Seun van Dawid genoem word in die Nuwe Testament (vgl. Lukas 1:32), is Ps 2:7 ook op Hom van toepassing gemaak, bv. in Handeling 13:33 met verwysing na Jesus se opstanding uit die dood; en in Hebr 1:5; 5:5-10 wat verwys na Jesus se offer aan die kruis as ons hoëpriester.

Johannes 1:1-5 gee egter die sleutel om Genesis 1:1-3 te

verstaan. Volgens Johannes 1 is Jesus die Woord van God, self God, en in die begin was Hy reeds daar, en het alles deur Hom ontstaan. Genesis 1:3 sê dat God geskep het deur sy Woord: Toe het God gesê laat daar lig wees, en daar was lig. 1 Korinthiërs 8:6 sê: vir ons is daar net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe, en net een Here, Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe. Dat Jesus die Woord van God is, wat God aan ons openbaar, beteken dat orals waar die Ou Testament praat van die woord van God, of dat die Here gesê het, dit Jesus is wat aan die woord is, om sy Vader se woord aan ons deur te gee. In Johannes 14:9-11 sê Jesus: Ek is in die Vader en die Vader in My. Soos die Vader, is Jesus ewig. In Joh 17:24 verwys Jesus in sy gebed dat die Vader vir Hom voor die grondlegging van die wêreld al liefgehad het.

Hebreërs 9: 14 praat daarvan dat Christus Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer het. Ook die Heilige Gees is ewig. Genesis 1:2 praat al van die Gees van God wat oor die waters gesweef het by die skepping om lewe en orde te bring in die woeste leegheid. Hy is die Gees wat lewend maak (Joh 6:63; 1 Petr 3:18). In Gen 2:7 blaas God sy asem in die mens se neus en die mens het 'n lewende wese geword. So word alle lewe deur die Gees van God gegee en geneem, aan die mens (Gen 6:3; Job 12:10; 34:14-15; Pred 12:7; Dan 5:23) en aan diere en plante (Ps 104:29-30; Jes 42:5).

1 Johannes 4:8,16 sê: God is liefde! Liefde is 'n verhouding. So is die eenheid tussen die Vader en die Seun en die Heilige Gees van ewigheid af 'n volmaakte liefdeseenheid waarin elkeen Homself aan die ander in liefde gee. In Johannes 14:16 belowe Jesus dat Hy die Vader sal vra om die Heilige Gees te stuur om in ons te bly; en in dieselfde hoofstuk 14 vers 23 sê Hy: As iemand My liefhet, sal Hy my woorde ter harte neem; en my

Vader sal Hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon. Vader, Seun en Gees woon in hulle wat vir Jesus liefhet. Volgens Genesis 1:26 het God gesê: Laat ons mense maak na ons beeld en ons gelykenis.

Met die skepping in die begin van die hemel en die aarde, het die ewige God se liefde ook uitgereik na 'n hele skepping buite die ewige liefdeseenheid tussen die Vader en die Seun en die Gees; 'n skepping wat gebonde sal wees aan ruimte en tyd. Moses noem Hom die ewige God (Deutr. 33:27) – wat van ewigheid af was en sal wees (vgl. Openb 1:4). Paulus sê in Romeine 1:20 dat sy krag en Godheid ewigdurend is. Volgens Efesiërs 3:11 het God Hom van ewigheid af voorgeneem om sy verlossingsplan deur Jesus Christus ons Here, tot uitvoering te bring. Die begin verwys na die begin van die bedeling van ruimte en tyd wat God geskep het. Die ewigheid het egter geen begin of einde nie, en vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag (1 Petr 3:8; vgl Ps 90:4 Duisend jaar is vir U soos gister as dit verby is, soos een enkele wagbeurt in die nag).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die hemel: Waar is dit?

“Faith is not primarily a matter of choosing what to believe, as if one were a consumer in a spiritual supermarket, filling one’s trolley with religious goods to match one’s personal needs and preferences. Faith is our response to the astonishing discovery that we have been chosen.” ~ Timothy Radcliffe

Die hemel: Waar is dit?

Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God." (Openbaring 21:3).

Waar is die hemel? Ons stry oor die antwoord en soek 'n geografiese plek – bo in die lug iewers. Die Bybel sê egter vir ons dat die hemel daar is waar God is. Dit verduidelik alles wat ons van die hemel moet weet.

Maar waar is God? Daar waar God is, is twee dinge waar:

- Waar God ook al is, is daar volkome blydschap

U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydschap. Uit u hand kom net wat mooi is (Psalm 16:11). Die psalmis praat van oorvloedige blydschap. Jesaja sê: Dié wat deur die Here verlos is, sal terugkeer, hulle sal juigend in Sion aankom; hulle sal altyd straal van blydschap; hulle sal vol vreugde en blydschap wees; ellende en smart sal verdwyn (35:10). Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan (Openbaring 21:4). Die goue draad wat deur hierdie drie teksverse loop, is: Waar God is, is daar oorvloedige blydschap ... vreugde en blydschap ... en geen leed, smart en pyn nie.

- Waar God is, is daar nimmereindigende aanbidding

Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie. Die troon van God en van die Lam sal in die stad wees, en sy dienaars sal Hom dien (Openbaring 22:3). Elkeen van die vier lewende wesens het ses vlerke gehad, wat aan die bokant en aan die onderkant vol oë was. Hulle het dag en nag, sonder om te rus, gesê: " Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom." (Openbaring4:8). Daar waar God is, sal hy dag en nag aanbid word.

Wat ook al nog waar is van die hemel, is hierdie twee dinge die belangrikste: oorvloedige blydschap en aanbidding – dag en nag – in die teenwoordigheid van die Drie-enige God. Dit is die ewige bestemming van almal wat Jesus Christus liefhet.